Namakwa toere

# Weskus Wonders

'n Perfekte kombinasie van avontuur en ontspanning – ontdek versteekte juwele, ikoniese landskappe en die ware hart van die Weskus.

GOING ADVENTURE

# Toer Inligting

**Vertrek:** Kaapstad

**Eindig:** Kaapstad

**Styl:** Luukse Busvervoer | Lodging & Kamp

**Verwysing:** WS8/1

**Toerprys 2026:**
Deeltarief (per persoon): R32 500
Enkeltarief (per persoon): R38 000

**Datum 2026:**
WS8/1: Ma. 12 Oktober tot Wo. 21 Oktober

**Ingesluit:**
- 9 nagte akkommodasie
- Geregistreerde toergids
- Busvervoer
- Toegangsgelde soos aangedui
- Etes soos aangedui
- Kamptoerusting
- Middagetes soos aangedui
- Drankies soos aangedui

**Uitgesluit:**
- Middagetes wat nie aangedui is nie
- Fooitjies
- Drankies wat nie aangedui is nie





Namakwa toere

# Ervaar die Weskus

DAG 1: Ons verwelkom al ons toerlede en vertrek om 09:00 vanaf City Lodge GrandWest in Kaapstad. Ons reis noordwaarts en teen laatmiddag arriveer ons op Vanrhynsdorp waar ons tuisgaan by Namaqua Lodge.
*Ingesluit: Aandete*
*Akkommodasie tipe: Lodging*

DAG 2: Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons na die kusdorpie Port Nolloth. Ons reis deur die asemrowende Knersvlakte – bekend vir sy unieke plantegroei en uitgestrekte, stil landskap. Teen die middag bereik ons die see, waar die vars seelug en kalm atmosfeer jou onmiddellik laat ontspan. Ons oornag by die Scotia Inn Hotel met 'n pragtige uitsig oor die see.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Akkommodasie tipe: Hotel*

DAG 3: Na ons eerste nag langs die see, volg ons die kus suidwaarts na Kleinsee. Hierdie afgeleë streek bied rou natuurskoon en 'n gevoel van totale ontsnapping. Die aand kamp ons by Die Houthoop, waar ons bederf word met 'n heerlike seekosbuffet onder die oop hemel. Let wel: Opgradering na selfsorgeenheid is beskikbaar teen addisionele koste. Sien op bl. 5.
*Ingesluit: Ontbyt, middagete, aandete, drankies*
*Akkommodasie tipe: Kamp/Opgradering is beskikbaar maar beperk*

***Let asseblief daarop dat toegangsfooie, soos aangedui onder daaglikse beskrywing, ingesluit is. Ons behou ook die reg voor om die program te verander indien nodig.***



DAG 4: Vandag wag daar avontuur! Ons klim in ons 4x4-bus, *Trompie*, en ervaar 'n opwindende skeepswraktoer langs die ruwe en dramatiese kuslyn – 'n herinnering aan die see se krag en geskiedenis. Ons besoek Hondeklipbaai en reis verder tot by Varswater in die Namakwa Nasionale Park, waar ons die aand onder 'n sterbelaaide hemel kamp.
*Ingesluit: Ontbyt, middagete, aandete, drankies*
*Aktiwiteite ingesluit: Skeepswraktoer, Parkfooie*
*Akkommodasie tipe: Kamp*

DAG 5: Ons begin die dag vroeg en geniet die vars oggendlug voordat ons die park en omliggende areas verder verken. Later reis ons na Nuwefonteinskop naby Kotzesrus in die Hardeveld, waar ons die aand kamp in stilte en eenvoud. Let wel: Opgradering na selfsorgeenheid is beskikbaar teen addisionele koste. Sien op bl. 5.
*Ingesluit: Ontbyt, middagete, aandete, drankies*
*Toegangsfooie ingesluit: Namakwa Nasionale Park*
*Akkommodasie tipe: Kamp/Opgradering is beskikbaar maar beperk*

DAG 6: Ons volg vandag die kuslyn suidwaarts na Strandfontein – ’n ware versteekte juweel van die Weskus. Hier kan jy ontspan, die see inasem en die rustigheid van hierdie kusdorpie geniet. Die aand kamp ons en ervaar die kalmte van die Weskus op sy beste. Let wel: Opgradering na selfsorgeenheid is beskikbaar teen addisionele koste. Sien op bl. 5.
*Ingesluit: Ontbyt, middagete, aandete, drankies*
*Akkommodasie tipe: Kamp/Opgradering is beskikbaar maar beperk*

DAG 7: Na ontbyt vertrek ons na Lambertsbaai met ’n stop by Doringbaai se perlemoenplaas, waar ons meer leer oor hierdie unieke bedryf. Laatmiddag wag ’n hoogtepunt van die toer: ’n onvergeetlike seekoservaring by Muisbosskerm – bekend vir sy vars, tradisionele Weskusgeregte.
*Ingesluit: Ontbyt, middagete & aandete*
*Akkommodasie tipe: Lodging*

DAG 8: Vandag neem ons tyd om die unieke karakter van die Weskus te ontdek. Ons reis deur bekoorlike kusdorpe soos Elandsbaai en Velddrif, waar ons ook die bekende Bokkomlaan besoek.
Ons verken verder die rustige kuslyne van St Helenabaai en die skilderagtige Paternoster, bekend vir sy witgekalkte huisies en see-atmosfeer. Teen laatmiddag arriveer ons by Port Owen waar ons oornag langs die riviermond.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Akkommodasie tipe: Lodging*

DAG 9: Na ontbyt vertrek ons na Langebaan via die rustige Jacobsbaai en die bedrywige Saldanhabaai-hawe.
In die middag wag ’n besondere hoogtepunt: ’n ontspannende bootrit vanaf Club Mykonos na die asemrowende Kraalbaai. Ons oornag die aand in Langebaan.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Aktiwiteit ingesluit: Bootrit na Kraalbaai*
*Akkommodasie tipe: Lodging*



DAG 10: Ons begin die dag vroeg en besoek die pragtige Weskus Nasionale Park, bekend vir sy ryk voëllewe en skilderagtige kuslyn. Daarna reis ons terug na Kaapstad via Yzerfontein, Melkbosstrand en Bloubergstrand, waar ons weer eens asemrowende uitsigte op Tafelberg kan geniet – die perfekte afsluiting van ’n onvergeetlike Weskus-avontuur.
*Ingesluit: Ontbyt*
*Aktiwiteit ingesluit: Weskus Nasionale Park*

# Akkommodasie-opgraderings

**Kleinsee - Die Houthoop**
Hier is slegs 5 x selfsorgeenhede beskikbaar.
Addisionele R650 per eenheid

**Kotzesrus - Nuwefonteinskop**
Hier is slegs 2 x selfsorgeenhede beskikbaar.
Addisionele kostes beskikbaar op navraag.

**Strandfontein - Leoni's Akkommodasie**
Hier is slegs 2 x selfsorgeenhede beskikbaar.
Addisionele R900 per eenheid

***Let asseblief daarop dat opgraderings deur Namakwa Toere gedoen moet word om te kwalifiseer vir hierdie tariewe.***






# Belangrike Inligting

Enkelakkommodasie is beskikbaar, maar daar is slegs twee kamers per datum beskikbaar. Kontak asseblief eers ons kantoor voordat u voortgaan met ‘n enkelbespreking, sodat ons kan seker maak daar is ‘n kamer beskikbaar. Stuur gerus ‘n e-pos na info@namakwatoere.com of bel die kantoor by +27 (0)27 2191633.

Enkelkamers kan altyd na dubbelakkommodasie verander word indien u iemand sou wou saamnooi. Geen administratiewe kostes sal gehef word nie; slegs die dubbelfooi per persoon. Die verskil tussen enkel- en dubbelakkommodasie (indien reeds betaal) sal aan u terugbetaal word.

Wanneer u ‘n vlug wil bespreek op dieselfde dag waarop die toer eindig, kontak asseblief die kantoor vir ‘n tweede mening oor die tyd wat u die vlug wil bespreek.






Ons help graag met vlug besprekings asook betaling van die vlugte – kostes R200 pp vir bankkostes en administrasie fooi. Hierdie vlugte sal bespreek word na ons deposito ontvang het. Die kostes van vlugte asook die R200 per persoon is ook onmiddelik betaalbaar na bespreking voltooi is en u die kaartjies ontvang het.
Neem asseblief kennis dat ons nie vlugte teen u goedkoper tarief kry nie, daarom is u welkom om alle vlugte self te bespreek.

Ons by Namakwa Toere doen ons bes om die toerprogram so stiptelik as moontlik te volg, maar indien onvoorsiene omstandighede opduik, kan ons die toerprogram aanpas soos nodig. Ons dra altyd ons toerlede se beste belange op die hart ten einde aan hulle ‘n onvergeetlike vakansie te bied.

## Padtoestande en Infrastruktuur

Die paaie in en deur Suid-Afrika is baie keer in 'n swak toestand, wat baie swaar druk op ons voertuie plaas. Ons het baie vertroue in ons voertuie en ons maak seker dat ons alles in ons vermoë doen om te verseker dat alles goed verloop. Ons kan ongelukkig nie alle onbeplande situasies voorkom nie. Baie van die paaie wat ons ry, is ongeteer, vol slaggate en nie juis die gemaklikste roetes nie. Ons weet dit kan vermoeiend raak, maar die paaie lei ons op die ou einde na ongelooflike plekke.






## Mediese Inligting

Reisigers, oud en jonk, word versoek om in 'n goeie gesondheidstoestand te wees om ten volle aan die toer te kan deelneem. Ons verwag van alle toerlede om deeglik deur die program te lees en self te besluit of u aan al die aktiwiteite, soos in die program aangedui, kan deelneem. As ons toergids en bestuurder dalk op enige stadium van die toer van mening is dat enige van ons toerlede nie meer aan 'n aktiwiteit kan deelneem nie, behou ons, die reg voor om u van die aktiwiteit en/of die res van die toer – sonder enige terugbetaling – te verskoon. Die nodige dokumente sal deur ons kantoor verskaf word om terug te eis van u reisversekering. Ons stel ook voor dat elke toerlid sy/haar eie noodhulpkassie met die nodige voorraad soos ''rehydrate", ekstra leesbrille, karsiekmedikasie en ook diarreemedikasie saamneem.

## Drinkwater

As ‘n reël aanvaar ons dat alle water wat uit ‘n kraan kom, ondrinkbaar en nie geskik vir menslike gebruik is nie. Dit mag minerale en bakteriëe bevat waaraan u maag nie gewoond is nie. Dit kan tot ernstige ontsteltenis, ongerief en siektes lei. Dit kan sonder twyfel u hele toer versuur. Omtrent al die fasiliteite waarvan ons gebruik maak, verskaf veilige drinkwater op ‘n daaglikse basis. Bring gerus ‘n BPA-vrye waterbottel saam wat ons beslis vir u gaan volmaak.







# Hoekom saam met Namakwa Toere?

- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikste gidse wat u ooit sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir `n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurder is saam met u met vakansie en is nooit onder druk nie.



## Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

- Die Toer is onderhewig aan 'n minimum van 10 persone om plaas te vind.
- Namakwa Toere onderneem om sover moontlik, geen toer te kanselleer nie. Indien dit ooit sou gebeur dat ons 'n toer moet kanselleer, is ons bereid om al die geld wat u reeds betaal het, oor te dra na enige ander toer van u keuse of na die daaropvolgende jaar (uitsluitend die nie-terugbetaalbare deposito en bankkoste).

## Hoe bespreek ek?

- Wanneer u besluit om te bespreek, vul die besprekingsvorm in en stuur dit na info@namakwatoere.com. 'n Skakel na die aanlyn besprekingsvorm is ook beskikbaar.
- U sal 'n toerverwysingsnommer tesame met Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. Hierdie verwysingsnommer moet asseblief ingesleutel word by 'begunsdigde verwysing'.
- Na ons u bespreking ontvang het sal ons die reëlings tref soos aangedui in u vorm.

# Hotelverblyf voor of na die toer

## City Lodge - Grand West - Kaapstad - Vertrek 09:00
## *(3 ***)*

**Enkelkamer:** R1 670
**Dubbel/Twin-kamer:** R1 920
**Ontbyt:** Volledige ontbyt ingesluit (06:30-09:30)
**Middag- en Aandete:** Geen restaurant op perseel. Verskeie by Grand West Casino
**Pendeldiens:** R350 (+R30 p.p. ekstra)
**Parkering:** Gratis (langtermyn beskikbaar)
**WiFi:** 15 minute gratis - ekstra koopbewys beskikbaar
**Tel:** (021) 535 3611

*Alle akkommodasie moet deur Namakwa Toere se kantoor bespreek word om te kwalifiseer vir tariewe soos aangedui.*
*Vlugte: Kontak ons vir pryse en tye*
*Reisversekeing: Kontak ons vir 'n kwotasie*
*Kontak ons kantoor vir die besprekingsvorm of vir die aanlyn besprekingsvorm*





Namakwa toere

# Gesels met ons!

027 219 1633

info@namakwatoere.com

066 385 4653

www.namakwatoere.com

www.facebook.com/namakwatoere

@namakwatoere

@namakwatoerenamaquatours6758